



HOËRSKOOL FLORIDA

Tel: 011 672 5345/6 • E-pos: hoof@florries.co.za



www.florries.co.za



@HSFlorida



hsflorida_ins

15 Oktober 2026

Geagte Ouers / Voogde

Baie dankie aan elke ouer/voog wat tyd gemaak het om die algemene begrotings- en jaarvergadering op Woensdag, 14 Oktober 2026 by te woon. Deur u betrokkenheid kon ons die nodige toestemming kry om die voorgestelde begroting vir 2027 goed te keur.

1. SKOOLGELD 2027

MAANDELIKSE BETALINGS

	1STE KIND	2DE/3DE KIND
EERSTE PAAIEMENT @ 12/01/2027	R 4 050	R 4 050
SKOOLGELD FEBRUARIE – NOVEMBER 1ste kind R3420 per maand/10 maande 2de/3de kind R3078 per maand/10 maande	R 34 200	R 30 780
TOTAAL	R 38 250	R 34 830

EENMALIGE VOLLE BETALING

	1STE KIND	2DE/3DE KIND
EERSTE PAAIEMENT @ 12/01/2027	R 4 050	R 4 050
SKOOLGELD @ 31/03/2027	R 30 780	R 27 700
TOTAAL:	R 34 830	R 31 750

LET WEL: Die korting word slegs toegestaan indien u volle rekening vereffen word voor 31 Maart 2027.

EERSTE PAAIEMENT EN VAKFONDSE:

Die eerste paalement beloop R4 050. Vakfondse vir 2027 is ook betaalbaar saam met die eerste paalement. Indien u 'n elektroniese betaling maak, versoek ons u vriendelik om dit te doen voor of op Vrydag, 8 Januarie 2027 om die administratiewe proses te vergemaklik.

BALANS VAN DIE SKOOLGELD:

Die balans van die skoolgeld word maandeliks afbetaal in 10 gelyke paalemente en is as volg betaalbaar:

Ons dien getrou

- By die kantoor
- Elektroniese betaling - Gebruik asseblief u kind se skoolgeldrekeningnommer asook sy/haar naam en van as verwysing wanneer u 'n skoolgeldbetaling maak.
- Per debietorder - Debietordervorms is in die finansiële kantoor beskikbaar.

Ouers wat hierdie jaar van die debietorderstelsel gebruik gemaak het, word versoek om asseblief weer 'n debietordervorm te voltooi vir 2027 om van die stelsel gebruik te maak.

Alle debietordervorms moet asseblief voor of op 30 November 2026 by die finansiële kantoor ingehandig word.

Bankbesonderhede:

Standard Bank	:	Tjekrekening
Rekeningnommer	:	0211 409 36
Taknommer	:	015641

2. TOERE/EKSKURSIES:

Toer- en kampgelde moet steeds soos in die verlede volledig deur leerders betaal word voor daar op die toer of kamp vertrek word.

3. HEFFING OP VAKKE/VAKFONDSE:

Geen heffings op vakke in graad 8 of 9 nie, behalwe:

Verbruikerstudies	R150 per leerder per jaar
-------------------	---------------------------

Graad 10 tot 12

Dramatiese Kunste	R270 per leerder per jaar
RTT	R270 per leerder per jaar
IT	R270 per leerder per jaar
Verbruikerstudies	R420 per leerder per jaar
Elektriese Tegnologie	R420 per leerder per jaar
Siviele Tegnologie	R420 per leerder per jaar
Visuele Kunste	R550 per leerder per jaar

Alle vakfondse is betaalbaar teen 13 Januarie 2027.

Skrifte, skryfbehoeftes, sakrekenaars, tekenborde ens. word nie verskaf nie.

Vriendelike groete



JJ KATZKE
HOOF



E VAN STADEN
SBL: FINANSIËLE VOORSITTER

